

Maandag

Heb. 8: 6 – 13; 10: 14 – 24. Duet. 28: 1, 2, 15, 16. Teks: Heb. 8: 11 “Niemand sal meer sy medeburger of sy broer onderrig en sê: “Ken die Here!” nie omdat hulle almal My sal ken, van die kleinste tot die grootste.” Tema: 'Christus laat ons, van die kleinste tot die grootste, God se liefde ken.' Ons doop de kleinste onder ons. Die vraag wat ons met die kleinstes se doop moet vra is: Kan hulle as dissipels van die Here gedoop word? Dit is die kern van die verskille en verwarring oor die sakrament van die doop in die Christelike Kerke vandag wêreldwyd. Die algemeen aanvaarde opvatting is dat ons miskien nog kleintjies as kinders van God kan doop, maar ons kan hulle nie as dissipels van Christus doop nie. Dissipelskap is vir grootmense! Daarom behoort ons die doop eintlik uit te hou vir grootmense wat dissipels van Jesus geword het en is die doop nie vir kinders wat nog nie sy dissipels is nie. Die vraag wat ons teksgedeelte in Hebreërs ontsluit is: “Is dissipelskap van die Here Jesus kindskap of vakmanskap?” In die Nuwe direkte Afrikaanse vertaling kry ons vir die eerste keer die vertaling van 8 vers 11 soos Martin Luther dit al in 1522 vertaal het: “Hulle almal sal My ken, van die kleinste tot die grootste onder hulle.” Volgens hierdie teks is babas die kleinste onder ons en volgens die Woord van die Here, ken hulle, die kleinste die Here! Elkeen van ons sal nou dadelik sommer aanvoel dat hier 'n totaal ander betekenis van die uitdrukking “Ken die Here”, het - totaal anders as wat ons die uitdrukking gewoonlik gebruik en verstaan. Hierdie nuwe betekenis is nie sommer maar net as gevolg van 'n nuwe vertaling nie. Dit gaan oor die nuwe beteken van “ken” volgens die nuwe en tweede verbond van God teenoor die eerste en ou verbond van God. Preek beskikbaar op Google by ngkerkevubu.co.za Ds. Petrus

Dinsdag

Heb. 8: 6 – 13; 10: 14 – 24. Duet. 28: 1, 2, 15, 16. Teks: Heb. 8: 11 Direkte Afrikaanse Vertaling. Tema: "Christus laat ons, van die kleinste tot die grootste, God se liefde ken." Wat is die eerste en tweede verbond? Ons mag nooit die fout maak om te dink die eerste een is die Ou Testament en die nuwe een is die Nuwe Testament nie. Heb. 8 gee 'n volledige uiteensetting van die nuwe verbond, en hierdie uiteensetting is 'n direkte woordelike aanhaling van Jer. 31: 31 – 34. Jeremia 31 is dus die uiteensetting van die nuwe verbond wat reeds met Abraham gesluit is in Genesis 12. So: Wat is die ou verbond? Hebreërs verwys hier na Deut. 28. Hierdie verbond klink só: as jy volgens God se gebooe reg leef, sal God jou seën, maar as jy daarvolgens nie reg leef nie, sal God jou vervloek. Hebreërs stel dat die tweede verbond met Abraham het meer uitnemender beloftes, dit is beloftes wat baie beter werk as die eerste. In die oue word die Here se seën belofte vir gehoorsaamheid aan die wet en vervloeking vir die oortreding van die wet. In die nuwe gee God gehoorsaamheid as gawe. Hy gee sy wet in mense se gedagtes en harte en laat sy wet in hul gedagtes en harte werk. Dit is nie meer 'n voorwaarde nie maar 'n gawe. In die nuwe een is daar ook geen vervloeking vir ongehoorsaamheid nie, maar net vergifnis. Die eerste ou verhouding met God is dus 'n kontrakverhouding. Dit is 'n kontrak van geestelike vakmanskap. As jy 'n bedrewe geestelike vakman in God se

wet is, sal Hy jou seën. Maar as jy 'n swak vakman is, sal Hy jou vervloek. Die nuwe een is geen kontrak nie. Daar is geen "as jy", "wanneer jy" of "jou deel" nie. Dit is 'n onderneming wat nét God maak en laat werk. Hy onderneem dat jy Hom volgens sy wet sal wil lief hê deur die liefde wat Hy aan jou bewys. Hierdie verbond gee jou KINDSKAP en eis nie VAKMANSKAP nie. Daarom stel Hebreërs in 2: 16 dat die Here se liefde is vir Abraham se kinders. Preek beskikbaar op Google by ngkerklewubu.co.za ds. Petrus

Woensdag

Heb. 8: 6 – 13; 10: 14 – 24. Deut. 28: 1, 2, 15, 16. Teks: Heb. 8: 11 Direkte Afrikaanse Vertaling. Tema: "Christus laat ons, van die kleinste tot die grootste, God se liefde ken." Wat is die verskil tussen kindskap en vakmanskap? Kindskap is 'n oefening in die liefde van jou ouers! Om ouers te ken, van die kleinste tot die grootste, is om hul liefde te ken! Om hul liefde te ken is nie 'n vakgebied, 'n studie, 'n geestelike dissipline of 'n spirituele vaardigheid nie. Daar is nie spesiale skole, vakke, handboeke en tegnikons waarheen jy kinders kan stuur om gehoorsaamheid aan ouers te leer en in te oefen nie. Dit is om liefde aan 'n kind te bewys en in liefde ingesluit te word. Die oefening in kindskap is om die liefde wat bewys word te vertrou en só daarin te leef. Wat is geestelike vakmanskap? Dit is iets anders. Vakmanskap gaan nie om in liefde te leef nie, maar om te doen wat jy moet en dit reg te doen. Godsdienstig toegepas beteken dit om geestelik te studeer en geestelik vaardig te word sodat jy geestelik bekwaam is om te kan doen wat jy moet. Volgens die Bybel is dit dan die vakkundigheid en vaardigheid van gehoorsaamheid aan God. Dít is die verskil tussen die ou verbond en die nuwe verbond. Die OU VERBOND is vakmanskap en die NUWE VERBOND is kindskap. In die nuwe verbond gaan dit oor God wat sy liefde aan sy kinders bewys en gee. Daarom gaan hierdie verbond oor hoe om in hierdie vertroue dat ons in sy liefde is, te leef. Die ou verbond gaan oor vakmanskap. Dit word in Jeremia op 'n baie besondere wyse beskryf. Vakmanskap gaan oor geestelike kundiges, mentors en instruksors wat jou moet leer om die Here te ken. Hierdie kennis is nie om God se liefde te ken nie, maar om deur leermeesters kundig en vaardig gemaak te word om vir God reg te leef. Wanneer jy geestelik kundig en vaardig in gehoorsaamheid is, sal Hy jou seën, maar wanneer jy geestelik onkundig en onbeheindig in gehoorsaamheid is, sal Hy jou vervloek. Preek beskikbaar op Google by ngkerklewubu.co.za Ds. Petrus

Donderdag

Heb. 8: 6 – 13; 10: 14 – 24. Deut. 28: 1, 2, 15, 16. Teks: Heb. 8: 11 Direkte Afrikaanse Vertaling. Tema: "Christus laat ons, van die kleinste tot die grootste, God se liefde ken." Watter verbond het Jesus regsgeldig gemaak? (Heb. 8: 6) Christus gee deur sy offer aan die nuwe verbond regsgeldigheid. Sy offer maak dat die nuwe verbond WERK. Vir wie is hierdie nuwe verbond regsgeldig? Dit is vir God se kinders, van die kleinste tot die grootste. Die offer van Jesus Christus maak dat hierdie nuwe verbond vir God se kinders vir hulle hele lewe lank regsgeldig is. (10:10, 140 Vir van die kleinste tot die grootste sal God altyd deur Christus se offer

hierdie verbond vir hulle laat werk: “Ek sal julle só lief hê dat julle my sal lief hê en aan julle oortredings in julle liefde vir My sal Ek nooit dink nie.” Só het die Here gekom om kindskap dissipelskap te maak! Dissipelskap is vir van die kleinste tot die grootste om in die nuwe regsgeldige verbond te leef dat God my lief het en in sy liefde laat leef, en aan my oortredings nie dink nie. Jesus Christus het nié die ou verbond regsgeldig kom maak sodat ons vir ons gehoorsaamheid geseën sal word en vir ons ongehoorsaamheid vervloek sal word nie. Dissipelskap is nóóit geestelike vakmanskap nie. Jesus het nié gekom om in sy lyding en opstanding vir ons die voorbeeld te wees om geestelik soos Hy te wees nie. As Hy vir ons net ’n voorbeeld is, dan wýs Hy ons hoe óns die ou verbond regsgeldig moet maak. Jesus is glad nie nodig om die ou verbond regsgeldig te maak nie én om ’n voorbeeld te wees hoe om soos Hy te wees help ons niks nie! Waarom nie? Want ons kan nie só wees en leef nie. En dit is presies net hier waar al die wêreld se geestelike leermeesters en ghoeroes nes maak in ons lewe. Hulle is die mense wat vir ons wys hulle lyk soos Jesus en hulle leef soos Jesus, en hulle sal ons leer om dit reg te kry om soos Jesus te wees met hulle moraliteit en spiritualiteit. Hulle maak geestelike VAKMANSKAP, dissipelskap, maar Jesus Christus maak KINDSKAP dissipelskap. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus.

Vrydag

Heb. 8: 6 – 13; 10: 14 – 24. Deut. 28: 1, 2, 15, 16. Teks: Heb. 8: 11 Direkte Afrikaanse Vertaling. Tema: "Christus laat ons, van die kleinste tot die grootste, God se liefde ken." Is ons babas dissipels van die Here Jesus Christus? Ken hulle die Here? As “ken” beteken Hy sluit hulle in sy liefde in, hy laat hulle vir sy liefde skuldloos en heilig wees, dan is die antwoord “ja”, want dit is wat God besig is om met hulle te doen. As “ken” egter vakmanskap is, dan kan kinders eintlik nooit die Here se dissipels wees nie want dan is geestelike dissipelskap net soos skool: kinders tot 3 is nie leer en ken-gereed nie. Hulle is nie skoolgereed nie. Dan gaan hulle graad RR toe as hulle 4 is. In Afrikaans beteken dit voor-voor skool, dan na voorskool, laerskool en hoërskool. Maar dan moet jy nog eers universiteit of kollege toe en dan is dit weer voorgraads, Honneurs, Magister en doktoraal. Maar dit is ook nie genoeg nie want besighede soek ervaring en laat jou lewenslank nuwe opleiding doen. Só is jou kennis net nooit genoeg nie. Op ons geloof toegepas beteken dit kinders kan nie die Here se liefde ken tot en met 4 nie want hulle is nog nie leergereed nie. Wanneer hulle voor-voor skool is, kan hulle prentjies van Jesus teken en voorskool liedjies oor Jesus sing, maar nog nie sy dissipels wees nie. Van graad 1 af kan hulle van Jesus maklike lessies leer, wat al hoe moeiliker word totdat hulle belydenis van hulle geloof aflê, maar die belydenis tel nie om Jesus te ken nie. Dit is net teorie. Hulle moet ook Jesus prakties ken eers deur bekerings op laerskool en op hoërskool kan hulle dieper ervarings van Jesus deur die gees kry. Maar dit is net die begin. Na skool moet jy leer om soos Jesus te bid, soos Jesus getuig om soos Jesus siele te wen, soos Jesus te genees, missionaal, versoenend en ’n verteenwoordiger van God te wees. Hierdie geestelike skoling in dissipelskap hou net nooit op nie! Wanneer kan ’n mens maar net goed genoeg vir en met God in sy

liefde saamleef? Net wanneer jou dissipelskap, kindskap is. Dan leef jy van van kleins tot groot en altyd in die liefde van God omdat Hy jou sy liefde gee en só laat ken. Preek beskikbaar op Google by ngkerklewubu.co.za Ds. Petrus

Saterdag ekstra

Heb. 8: 6 – 13; 10: 14 – 24. Deut. 28: 1, 2, 15, 16. Teks Heb. 8: 11 Direkte Afrikaanse Vertaling. Tema: "Christus laat ons, van die kleinste tot die grootste, God se liefde ken." Hoekom doop ons babas? Hebreërs beskryf die doop met water as die besprinkeling van ons harte met die bloed van Jesus om met 'n vrye gewete te gaan leef. (10:22) Ons kinders se gewete werk al met 'n aanvoeling van reg en verkeerd van voor hulle kan loop. Daarom bevestig die Here dat van die kleinste se harte met die Here se bloed besprinkel is om met 'n vrye gewete groot te word. Die doop word ook genoem die was van ons liggame met skoon water. Dit verwys na ons sondige begeertes vanaf ons geboorte. Die doop wys dat vandat ek klein is die Here nie aan my volgens my sondige begeertes dink nie. (10: 17) Die Here sien en reken van die kleinste tot die grootste as rein en heilig (al het ons sondige begeertes in ons), deur die bloed van Jesus Christus. Met hierdie versekering in die doop kan ons kinders met 'n vrye gewete – somer net saam met God in sy liefde leef en God lief hê, somer net kind wees in God se liefde! Die oomblik wanneer die doop 'n teken moet wees van geestelike bekwaamheid, soos 'n bekering, 'n geestesvervulling of 'n uitbeelding van Jesus, word die doop 'n teken van die Ou Verbond. Dan moet jy doen wat God sê soos Hy dit sê, anders vervloek Hy jou. Met hierdie ONSEKERHEID moet jy lewenslank dan jouself oor en oor laat doop en naderhand in allerlei nuwe seremonies sekerheid soek - wat jy nooit sal kry nie. As jy jou doop vir jouself 'n teken van JOU KONTRAK om vir God 'n geestelike vakman te wees maak, sal jou doop en al jou alternatiewe seremonies die tekens van jou vervloeking wees. Kom ons omhels wat God ons in die doop gee vir van die kleinste tot die grootste – ons kindskap is ons dissipelskap! Kom ons nader God se teenwoordigheid saam met die kleinste tot die grootste van ons kinders, álmal met volle geloofsekerheid, met ons harte besprinkel, vry van 'n slegte gewete en ons liggame gewas met skoon water. (Heb. 10: 22)Preek beskikbaar op Google by ngkerklewubu.co.za Ds. Petrus